# 'Kerk' en 'volk' uit die hoek van moderne samelewingsteologieë

J P Labuschagne
Universiteit van Pretoria

Abstract
'Church' and 'nation' from the viewpoint of modern social theologies

The essay reflects on the possibilities for meaningful communication, on the themes of church and nation, between the viewpoint of modern social theologies on the one hand and that of Christians who emphasise the value of the identity of the nation ('volk') on the other.

## 1. INLEIDING

Die onmiddellike toekoms van die Republiek van Suid-Afrika sal, menslik gesproke, tot 'n groot mate bepaal word deur 'n positiewe kommunikasie. Of mense met mekaar sal kan praat en mekaar probeer verstaan en respekteer ten opsigte van verskillende waardevoorkeure, is 'n wesenlike vraag en 'n aangeleentheid van die uiterste belang. So is daar mense wat in hulle waardebelewing, anders as ander mense, 'n hoë premie plaas op lewensruimte vir die volk en die volkseie en kerk vir die volk. Waar die moderne samelewingsteologieë enorme invloed uitoefen op die ontwikkeling van die samelewing, is die vraag of daar kommunikasie-moontlikhede bestaan tussen hierdie teologieë en die eersgenoemde groep, en wel dan oor die onderwerpe 'kerk' en 'volk'. Die artikel wil hierdie vraag ondersoek en veral fokus op die samelewingsteologieë.

Om na die kerk en volk te kyk vanuit die gesigspunt van die hedendaagse samelewingsteologie, vra 'n kort verduideliking van wat verstaan behoort te word onder die terme 'samelewingsteologieë', 'kerk' en 'volk'.

* Referaat gelewer tydens die Kongres van die Kerkhistoriese Genootskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika op 20 November 1990.

### 1.1 Samelewingsteologieë

Die samelewingsteologieë wat in die tydperk ná die Tweede Wêreldoorlog op die voorgrond tree, is veral vir hierdie studie van belang. Hierdie teologie het 'n bepaalde ontwikkelingsgang gehad, en kan byvoorbeeld onderskei word vanaf aanvanklik die 'Teologie van die Hoop' en daarna die 'Teologie van Revolusie' tot by vandag se 'Teologie van Bevryding' en 'Swart Teologie'. Die samelewingsteologieë word gekenmerk deur hulle allesoorheersende belangstelling in die samelewing. In hulle keuse vir die verbetering van die lot van die armes, minderbevoorregtes en agtergeblewenes laat die samelewingsteologieë hulle bedien van Marxistiese en neo-Marxistiese maatskappykritiek, en hulle verbind hulle tot revolusionêre aksie (wat geweld en volksopstand kan insluit) om sosiale, politieke en ekonomiese strukture te verander. Die verdieping wat die Teologie van Bevryding in hierdie teologisering bring, is, afgesien van omvangryke verandering van die samelewingstrukture, bykomend ingestel op ingrypende verandering van die mens self.

Liberale invloede in die teologisering bepaal hom slegs by kwantitatiewe hervorming. Dit is hervorming wat alleen bereid is om 'n bepaalde kwantiteit materiële middele aan die agtergeblewenes bykomend te bewillig, sonder om die *status quo* en die toegang tot monopolieë oor rykdomme te versteur. Hoewel die samelewingsteologieë graag gebruik maak van liberale invloede en toegewings om nader aan hulle doelwitte te kom, is die liberalistiese resep uiteindelik vir hulle in die geheel onaanvaarbaar. Die samelewingsteologieë verwerp kwantitatiewe hervorming en kies vir kwalitatiewe hervorming, dit wil sê ingrypende verandering van die mens en sy samelewing, ten einde die agtergeblewenes op te hef tot die vereiste lewenspeil.

Waar Martin Luther in die tyd van die Reformasie gevra het na 'n genadige God (juridies) in die vertikale verhouding tussen God en mens, daar vra die samelewingsteologieë vandag na 'n regverdige God (eties) in die horisontale verhouding tussen mens en mens. Dié teologieë word egter swaar gekompromitteer met ideologiese voorkeure.

### 1.2 Kerk

Saam met die Nederlandse Geloofsbelydenis van 1561 (Art 27-32) en die Heidelbergse Kategismus van 1563 (Sondag 21) word die een heilige en algemene kerk voorgestel as 'n liggaam van mense wat die Here Christus self oor die hele wêreld en alle tye, deur sy Gees en Woord, versamel as sy kerk, waarsonder niemand salig sal word nie. Op grond van die kruisgebeure verlos die Here Christus hulle uit hulle sondeverlorenheid waarin hulle geheel magteloos was en bewaar hulle in sy kerk, onder verkondiging van die Woord, sakramentsbediening en tug, in geloofsverbondenheid aan Hom. In hierdie geloof maak Hy hulle deur sy Gees diensbaar aan sy

wil en lei hulle as God se oorwinnaars oor die bose en oor die ganse ryk van hierdie wêreld na God se heerlike ewige toekoms. Kortliks is die kerk daardie mense wat in waarheid aan Christus verbonde is, aan alles waarvoor die Here Christus vir hulle daar is.

### 1.3 Volk

In die beskrywing van 'volk' word die invloed van filosowe soos Landmann (1971) en Hessen (1948) hier erken, saam met volkekundiges soos Coertze (1961).

Die volk word nie, as 'n juridiese prinsiep, bloot as al die mense binne die grense van een land veronderstel nie. Fenomenologies-wetenskaplik word 'n volk as 'n lewende werklikheid gesien en dan word veel meer en iets baie komplekser aanskou as bloot 'n oorvereenvoudigde en dooie regsbeginsel, wat ideologiese waarde vir sommige het.

'n Volk het deel aan 'n breër biologiese geheel wat erflik-fisies bepaald is. Die breër biologiese identiteit word in algemene terme 'n 'ras' genoem. (Daar kan ook 'n indeling van verskillende rasse gemaak word en elke rasgroep kan weer verder onderverdeel word.) 'n Volk is uiteindelik saam met 'n bepaalde verskeidenheid van volke deel van een spesifieke biologiese identiteit (of ras). 'n Volk het, op basis van hierdie erflik-fisiese bepaaldheid, ook 'n bepaalde kulturele identiteit.

'Ras' het in totaal te doen met 'n biologiese identiteit, terwyl 'volk' veral te doen het met 'n kulturele identiteit. Die biologiese identiteit is deur die natuur gedetermineer. Die mens kies dit dus nie self nie. Die kulturele identiteit is iets wat in vryheid opgeneem word; dit word in die waardebelewing van 'n bepaalde groep mense opgeneem. Natuurlik kan daar ook ooreenkoms aangetref word onder die kulturele erfenisse van 'n verskeidenheid van volke en so kan daar byvoorbeeld van die Westerse Beskawing gepraat word; die hele mensdom deel uiteindelik baie dinge met mekaar. Tog bly elke volk nietemin juis in sy eie waardebelewing, in sy kulturele identiteit, uniek homself. Elke volk, soos elke individu, is uniek in onderskeiding van ander.

Die gemeenskaplike waardebelewing in die kulturele identiteit van 'n bepaalde volk is enersyds iets wat lewe en aan die beweeg is en andersyds nogtans die somtotaal van hoe daardie volk sy lewe en sy samelewing as sinvol ervaar. Kulturele identiteit sluit dinge in soos godsdiens, taal, gebruike, modes, samelewingstrukture (sosiaal, polities, ekonomies), kunsvorme, sport ensovoorts. Die kulturele identiteit van 'n volk het dus alles te doen met 'n vir daardie volk sinvolle lewensruimte. Dit bring volksgenote in assosiasie met mekaar en dit onderskei hulle van ander mense. Dit besit ook 'n konflikpotensiaal wanneer daardie sinvolle lewensruimte bedreig word.

Die volkskerkgedagte aanvaar die gegewe werklikheid van 'n volkeverskeidenheid in die wêreld, en wil daarom nie inbreuk maak of onnatuurlike dwang toepas op vrye volksassosiasie nie. Dit vra nie van 'n volk dissosiasie nie. Binne die raamwerk van die Skrif ten opsigte van die een, heilige, algemene, Christelike kerk wil die volkskerk alleen organisatories respekteer wat bymekaar hoort. In hierdie sin wil die kerk kérk vir die volk wees – en daarmee saam 'n organisasie daarstel waarbinne die volk, op basis van die gedoopte verbondsvolk, die beste bereik kan word met die evangelie. 'n Soortgelyke organisasie word aan elke ander volk en mens, wat daarvoor kies, gegun. Die volkskerkgedagte adem nie die ongeduldige imperialisme van daardie siening wat almal in een kerklike organisasie wil indwing nie. Die volkskerk bly slegs 'n praktiese ordening vir diegene wat daarvoor kies en raak nie die wese van die kerk wat vir alle mense oop is nie.

## 2. DIE BENADERING VAN DIE SAMELEWINGSTEOLOGIEë TEN OPSIGTE VAN 'KERK' EN 'VOLK'

### 2.1 Siening van die kerk: Een kerkorganisasie vir alle mense

Die samelewingsteologieë is deel van één wêreldbeweging wat, in die strewe om te werk vir 'n beter wêreld waarin geregtigheid sal heers, oor die grense van volke, kerkverskille en geografiese oorspronge heen kyk. Hierdie teologieë werk daarom met één kerkorganisasie vir één ondeelbare mensdom (wat slegs in individue te onderskei is, en nie in groepe of volke nie). Dit is in die algemeen gesien. Uit historiese gegewens word wat pas gesê is, duidelik.

Die ekumeniese beweging, en veral dan die Wêreldraad van Kerke wat in 1948 in Amsterdam gestig is, is die groot mensgemaakte organisatoriese mag van waaruit die samelewingsteologieë opereer. So het die 'Teologie van Revolusie' byvoorbeeld, via die Wêreldraad van Kerke se *Konferensie oor Kerk en Samelewing* in Genêve (1966), sy verskyning gemaak op die Vierde Algemene Vergadering van die Wêreldraad van Kerke in Uppsala (1968). En so het die 'Teologie van Bevryding' sy bevestiging gevind in die Vyfde Algemene Vergadering in Nairobi gedurende 1975 (Labuschagne 1987: 49v, 63v).

Tydens die Wêreldraad van Kerke se *Wêreldkonferensie oor Kerk en Samelewing* ('Church and Society') in Genêve gedurende 1966 het die Wêreldraad van Kerke se sekretaris-generaal, Visser't Hooft, die gedagte van 'verantwoordelike samelewing' ('responsible society'), wat sedert Amsterdam (1948) sy verskyning gemaak het, verder uitgebrei met die voorstel van 'verantwoordelike mense wat deelneem aan 'n wêreldgemeenskap waarin almal die verantwoordelikheid vir die algemene welvaart aanvaar'. Twee jaar later by die Uppsala-vergadering van die Wêreldraad van Kerke (1968) is die frase 'verantwoordelike wêreldsamelewing' ('responsible world so-

ciety') ingevoer. Visser't Hooft het hierdie frase verder gesubstansieer deur te verduidelik dat die Amsterdam-vergadering van 1948 die klem gelê het op ekonomiese geregtigheid binne nasies, terwyl die middel-1960s die vernaamste vraagstuk gesien het as internasionale ekonomiese geregtigheid (Lefever 1979:15).

Oor die sigbare eenheid van die kerk wat oor die grense van volk, denominasie en land heen gedemonstreer moet word, het die Derde Algemene Vergadering van die Wêreldraad van Kerke in Nieu Delhi (1961) die volgende uitspraak gemaak:

> Ons glo dat die eenheid, wat sowel God se wil is as sy gawe aan sy Kerk, sigbaar gemaak word wanneer in elke plek almal wat in Jesus Christus gedoop is en Hom as Heer en Heiland bely, deur die Heilige Gees saamgebring word tot een volkome toegewyde gemeenskap, wat in die een apostoliese geloof bly, die een Evangelie verkondig, die een brood breek, saam bid en een gemeenskaplike lewe ken, wat hulle in getuienis en diens tot almal rig; en wat tegelykertyd verenig is met die hele Christelike gemeenskap, op alle plekke en in alle tye, op sodanige wyse dat ampsdraers en lede deur almal aanvaar word en dat almal saam kan handel en spreek waar dit nodig is ter wille van die take waartoe God sy volk roep. Ons glo dat ons vir die eenheid moet bid en werk.
>
> (Berkhof & De Jong 1967:323; my vertaling)

Van die eenheid oor denominasiegrense heen, sê Norman:

> Een van die treffendste ontwikkelinge van die laaste twintig jaar was die wyse waarop alle kerke – Katoliek, Ortodoks en Protestants – in bykans dieselfde mate gereageer het op sekulêre politieke ideologieë. Daar is gevolglik vir die eerste maal in die geskiedenis geen groot verskille in die sosiale prioriteite van die vernaamste kerke nie. Die enigste betekenisvolle modifikasie hierop is die klemverskil wat te wyte is aan die verdeeldheid tussen hulle wat aansluiting gevind het by die Marxistiese sosialisme van die Oos-Europese blok, en hulle wat die liberale sosiale radikalisme met al sy Marxistiese retoriek van die Weste en van die ontwikkelende wêreld geabsorbeer het.
>
> (Lefever 1979:51; my vertaling)

In sy strewe na eenheid wil die Wêreldraad van Kerke homself beslis nie laat terughou deur 'n skeiding tussen nie-kommunistiese en kommunistiese Christene nie; in hierdie verband sê Cox van die Wêreldraad van Kerke se Genêve-Konferensie (1966):

> Ek hoop nie dat daar voortgeploeter sal word op die steriele en afstandse verdeeldheid tussen die sogenaamde 'vrye' en die sogenaamde 'kommunistiese' wêreld nie. Die kongres te Genève het met hierdie verouderde opvatting totaal gebreek. Die deelnemers uit die lande met 'n min of meer gevestigde kommunistiese sisteem het hoegenaamd geen rede om hulle as buitestaanders te beskou nie. Die kongres het op geen enkele wyse die kommunisme veroordeel nie. Dit het veeleer aan hierdie Christene gesuggereer om na vermoë die kommunistiese lande te help in die nastrewe van regverdige en menslike doelstellings.
>
> (Cox 1968:13; my vertaling)

Van 'alle Christelike verteenwoordigers uit die arm lande' sê Cox (1968:14): 'Ook hierdie mense behoort tot die ekumene. Om van hulle geskei te lewe, bestendig wel deeglik die sonde van verdeeldheid' (my vertaling).

Van samewerking tussen Protestante en Roomse Katolieke sê hy:

> Heel besonder het tydens die kongres te Genève die sterk verbeterde verhouding tussen die Wêreldraad van Kerke en die Rooms-Katolieke Kerk na vore getree...Dit blyk immers steeds duideliker dat 'n samewerking tussen die Vatikaan en die Wêreldraad van Kerke – juis omdat die kerke een van die omvangrykste buite-parlementêre instansies vorm wat op die gebied van ekonomiese ontwikkeling beweeg – enorm baie daartoe sal kan bydra om hierdie ontwikkeling vry te hou van eksploitasie en onreg, om tot 'n daadwerklike wêreldgemeenskap te kom.
>
> (Cox 1968:12; my vertaling)

Die Wêreldraad van Kerke openbaar in sy handelswyse 'n imperialisme wat, vanuit sy burokrasie, alle kerke oor die hele wêreld wil indwing by hulle skemas. Die eenheidsmag, deur resolusie-van-die-meerderheid, het immers nou die hoogste gesag in die Wêreldraad van Kerke.

### 2.1.1 Die Veroordeling van rassisme

Die samelewingsteologieë het deur middel van sy organisatoriese arm, die ekumeniese beweging, toenemend openbaar dat hulle van die wêreld 'n 'bekering tot kleurblindheid' verwag (Blake 1966:159). Reeds by die stigtingsvergadering van die Wêreldraad van Kerke in Amsterdam in 1948 word verklaar: '[O]ns...maak beswaar teen...diskriminasie of segregasie op grond van ras of kleur' (Lefever 1979:15; my vertaling). Die Evanston-vergadering van die Wêreldraad van Kerke in 1954 was

skerper in die veroordeling van kolonialisme en rassisme; die Evanston-rapport oor rasse- en etniese spanning het 'n groot bydrae gelewer om 'n volgehoue kampanje op die been te bring teen alle vorme van rassediskriminasie, en stel onder andere: 'Rasse en etniese vrese, haat en vooroordeel is meer as sosiale probleme...Dit is alles sondes teen God en sy gebooie' (Lefever 1979:18; my vertaling). By die Cottesloevergadering in 1960, waar die Wêreldraad van Kerke die Suid-Afrikaanse Kerke (wat lid was van die WRK) ontmoet het, is in dieselfde rigting gepraat. Onder andere is by Cottesloe gesê: 'Niemand wat in Jesus Christus glo, mag op grond van sy velkleur of ras uitgesluit word van enige kerk nie. Die geestelike eenheid onder alle mense wat in Christus is moet sigbare uitdrukking vind in dade van gesamentlike erediens en getuienis...' (Cottesloe Consultation 1961:74; my vertaling).

Evanston het opdrag gegee vir die daarstelling van 'n spesiale sekretariaat vir rasse- en etniese verhoudinge en vir die implementering van die rapport oor rassespanninge. Vir hierdie sekretariaat word egter nie begroot voor die Wêreldraad van Kerke se vergadering in Nieu Delhi (1961) nie. Na die Wêreldraad van Kerke se algemene vergadering van Uppsala (1968) word die sekretariaat uiteindelik opgeneem in die 'Program to Combat Racism' (PCR), wat voortaan die stryd sou lei teen rassisme.

In paragraaf 87 en 90 van die rapport oor 'Strukture van Ongeregtigheid en die Stryd om Bevryding' het die vyfde algemene vergadering van die Wêreldraad van Kerke in Nairobi in 1975 só standpunt teen die Republiek van Suid-Afrika ingeneem:

> Suid-Afrika wat die lig laat val op rassisme in sy mees blatante vorm, moet hoë prioriteit vir die aandag van die lidkerke behou. Apartheid is daar alleen moontlik met die ondersteuning van 'n groot getal Christene. Lidkerke word aangemoedig...om te werk vir die onttrekking van investering en die beëindiging van banklenings; om wit migrasie te stop. Hierdie aangeleentheid is reeds deur die WRK aangemoedig en ons beveel dit vir die dringende optrede van lidkerke aan. Die implementering hiervan sou 'n effektiewe bydrae tot die stryd teen rassisme lewer...In dit alles behoort die kerke 'n bewuste poging aan te wend om self 'n model te wees van nie-rassistiese gemeenskappe.
>
> (Lefever 1979:85; my vertaling)

In die rapport van die Sentrale Komitee van die Wêreldraad van Kerke aan die Nairobi-vergadering (1975) word, onder die afdeling wat handel oor die 'Program to Combat Racism' in verwysing na Suid-Afrika, so oor die program berig: 'Deur sy Spesiale Fonds het dit verskeie groepe en organisasies van die rasse-onderdruktes

en die organisasies wat slagoffers van rasse-ongeregtigheid oor die wêreld help, ondersteun, en besondere klem gelê op die stryd om bevryding in Suid-Afrika...' (Johnson 1975:155; my vertaling).

'n Program is ontwikkel waarvolgens 'n beroep gedoen word op die lidkerke van die Wêreldraad van Kerke om al hulle invloed te gebruik om druk uit te oefen op besigheidskorporasies wat investeer in Suidelike Afrika om te onttrek en daarop te wys dat sulke instansies verantwoordelik gehou word vir hulle ekonomiese, politieke en morele steun ter versterking van apartheid en kolonialisme (Johnson 1975:156, 157). Die Sentrale Komitee het in 1972 by Utrecht besluit dat die Wêreldraad van Kerke sy investering moet staak in korporasies wat direk betrokke is by investering of handel met Suidelike Afrika. As 'n internasionale liggaam en ekumeniese Christelike stem in die wêreld het die Wêreldraad van Kerke 'n simboliese optrede daargestel wat 'n morele leiding bied. Met die oog op die ondersteuning van lidkerke in hierdie verband, is lyste van korporasies gepubliseer wat in Suidelike Afrika investeer.

> 'n Ondersoek na die internasionale bankwese was 'n verdere konsekwensie van die besluit wat by Utrecht geneem is. 'n Lys is saamgestel van banke in verskillende lande wat tans betrokke is by lenings aan die Suid-Afrikaanse regering en sy agentskappe. In 1974 het die Sentrale Komitee opdrag gegee aan die Departement van Finansies van die Wêreldraad van Kerke om in verbinding te tree met sekere van hierdie banke om die versekering te verkry dat hulle sal ophou om sulke lenings toe te staan en magtiging te verleen dat toegesien sal word dat geen WRK-fondse gedeponeer word by hierdie banke indien bevredigende resultate nie ontvang word nie.
>
> (Johnson 1975:157; my vertaling)

Die *Time Magazine* van 2 Oktober 1978 het op bladsy 46 – onder die opskrif, 'Going "Beyond Charity"' – die Wêreldraad van Kerke aangehaal dat hy uitdruklik sê dat anti-rassisme-skenkings gemaak word om die Wêreldraad van Kerke in staat te stel dat hy 'verder gaan as barmhartigheid en self betrokke raak by die herverdeling van mag' (Lefever 1979:37). Blake (1966:159), Sekretaris-generaal van die Wêreldraad van Kerke gedurende 1966-1972, sien die rasseprobleem as die hoofoorsaak vir verdeeldheid in die wêreld. Vervolgens sê hy:

> Toe die kerke egter nie daarin slaag om verder te gaan en te sorg dat daar so gou moontlik 'n nuwe, pluralistiese, nie-diskriminerende patroon van rasseverhoudinge ontstaan nie, sowel in hierdie land as elders, sal die kerke op 'n allerbelangrikste moment in die geskiedenis

> gefaal het. Die eerste uitdaging aan die Christelike evangelisasie is bekering tot kleurblindheid. Elke ander vorm van evangelisasie beteken verraad teenoor die evangelie.
>
> (Blake 1966:159; my vertaling)

Uit die gegewens tot hiertoe, is dit duidelik dat die samelewingsteologieë en die ekumeniese beweging werk met die beskouing van één kerkorganisasie vir alle mense en dis 'n beskouing waarin die volkskerk nie figureer nie.

### 2.2 Siening van die mens

In die mensbeeld van die samelewingsteologieë is daar nie ruimte vir die onderskeid in rasse en volke nie; dit sou neerkom op diskriminasie. Hierdie mensbeeld handhaaf die droom en die veronderstelling van één ondeelbare mensheid. Die groot onderskeid wat wel bykans al hulle teologiese aandag vra en in die kern van hulle mensbeeld se dialektiese ontvouing geopenbaar word, is dié tussen diegene wat het en diegene wat nie het nie. Hierdie dialektiese spanning tussen die materieël-welvarendes en diegene wat materieël agtergebly het, moet oorwin word in die sintese van 'n nuwe mensdom waarin almal voorspoedig sal wees. Die ooreenkoms met Karl Marx (1818-1883) se klassestryd is duidelik. Om die verlangde verandering aan die gang te kry, die sintese te bereik, word dikwels na Marx verwys wat gesê het: 'Die Philosophen haben die Welt bisher verschieden interpretiert. Es kommt aber darauf an, sie zu verändern' (vgl Labuschagne 1987:53).

Die mensbeeld van die samelewingsteologieë het tot 'n groot mate ontwikkel uit die lewensomstandighede van die Derde Wêreld, en veral dan Suid-Amerika, wat as onderdrukkend ervaar is. Shaul, kenner van die Suid-Amerikaanse situasie en belangrike skakel met die Wêreldraad van Kerke, stel dit so:

> Hierdie nuwe generasie in Latyns-Amerika strewe na ekonomiese ontwikkeling deur verandering van die argaïese ekonomiese, sosiale en politieke strukture...Dit beteken dat hierdie jong mense besonder gevoelig is vir die gevaar dat hulle nasionale ontwikkeling ondergeskik gestel word aan buitelandse ekonomiese belange; dit beteken ook dat hulle nie aangetrek word deur ideologiese kragte van buite en nie geïnteresseerd is in die inruiling van een vorm van politieke oorheersing vir 'n ander nie. Omdat daar nòg in die geskiedenis van hulle land soos hulle dit ken, nòg in hulle Katolieke erfenis iets is wat hulle 'n kapitalistiese ekonomie sal laat toejuig, is dit vir hulle vanselfsprekend dat die ontwikkeling moet plaasvind binne die kader van gesentraliseerde beplanning en sosialisme. Maar omdat sowel jong Marxiste as Katolieke soek na 'nuwe vorme van sosialisme' wat toereikend

> sal wees vir hulle situasie, is hulle daartoe geneig om pragmatiese oplossings vir hulle probleme te kies....
>
> (Shaull 1969:95, 96; my vertaling)

Dat die samelewingsteologieë in hulle gemeenskaplike middelpunt gemoeid is met primêr 'n ekonomiese probleem, is duidelik. Hulle mensbeeld word dus ontwikkel vanuit die ekonomiese stryd wat hulle waarneem. So sê die Brasiliaanse Rooms-Katolieke teoloog, Camara (1969:34): 'Wie die les van Feltin aanvaar...moet weet dat deur tagtig persent van die mensheid onderontwikkeld te laat en honger te laat ly, jy die risiko loop om een van die mees verskriklikste oorloë uit te lok...' (my vertaling).

Watter sintese het Camara nou in gedagte – vanuit die stryd tussen hulle wat het en hulle wat nie het nie? Camara (1969:30) stel dit so: 'Ons glo almal dat die ideaal wat bereik moet word, die volledige ontwikkeling van die mens en die mensheid is...Ons glo almal dat vryheid 'n gawe van God is...Die kerk wil die mens dien, hom help om vryheid te verkry...' (my vertaling).

Vervolgens word, uit wat pas gesê is, die kerkbeeld bepaal deur die mensbeeld, en dit is deurgaans die geval in die samelewingsteologieë. Die mens in die dialektiese spanning tussen hulle wat het en hulle wat nie het nie, strewe na die sintese van 'n nuwe, beter en ware mensheid. Om hierdie doel te kan bereik, word noodsaaklik dat die siening van die kerk die kerk se groot taak by sosiale aksie bepaal. Nou kan ons Torres beter begryp wanneer hy sê:

> Ek het vir die Christendom gekies in die oortuiging dat ek daarin die suiwerste vorm sou vind om my naaste te dien...As sosioloog het ek gewil dat die liefde werksaam gemaak sou word deur middel van tegniek en wetenskap. Deur die Colombiaanse samelewing te analiseer, het ek my vergewis van die noodsaak van 'n revolusie om iets te ete te kan gee aan wie honger het, iets te drinke aan wie dors het, kleding aan die naakte, en om die welsyn van die groot massa van ons volk te verwesenlik.
>
> Ek beskou die revolusionêre stryd as 'n Christelike en priesterlike stryd. Alleen daardeur sal ons die liefde wat mense vir hulle gelykes moet hê, kan verwesenlik onder die konkrete omstandighede van ons land....
>
> (Torres 1969:157; my vertaling)

Die 'sosiale-aksie-establishment' in die Wêreldraad van Kerke lei spoedig die dialektiese spanning van hulle wat het en hulle wat nie het nie, na 'n siening van 'n makrostryd tussen die ryk Eerste Wêreld en die arm Derde Wêreld. Die Wêreldraad

van Kerke se Genève-konferensie oor *Kerk en samelewing* (1966) openbaar 'n duidelike swaai na 'n pro-Derde Wêreldhouding.

West het daarop gewys dat aandag in Genève gevra is vir 'n dreigende spanning tussen die industrieel-ontwikkelde lande en die revolusionêre sienswyse van die onderontwikkelde lande van veral Suid-Amerika en Afrika. Internasionale ekonomiese geregtigheid word dus gevra in die stryd tussen die ryk lande van die noorde en die arm lande van die Suide, ten opsigte van afhanklikheid en uitbuiting deur ekonomiese imperialisme (Labuschagne 1987:393). Die klemverskuiwing van belangstelling vanaf die Oos-Wes-konflik na belangstelling in die Derde Wêreld se opheffing was reeds sigbaar by die Wêreldraad van Kerke se Evanston-vergadering (1954). Kerke is hier aangemoedig om Christelike tegnici en administrateurs te werf vir diens in die agentskappe van die Verenigde Nasies-Organisasie 'wat voorsien in die behoeftes van...onderontwikkelde lande' (Lefever 1979:17, 18). Aan die Nairobi-vergadering van die Wêreldraad van Kerke (1975) rapporteer Potter, die eerste swart sekretaris-generaal van die Wêreldraad van Kerke:

> 'n Program wat aksie reflekteer ten opsigte van 'deelname aan verandering', gemik op die opsporing van en luister na groepe wat verandering inisieer in hulle plaaslike situasies, is van stapel gestuur. In antwoord op die krete van die ontneemdes, die magteloses, die nie-gehoordes, die nie-verteenwoordigdes, was daar skeppende konsultasies en konferensies oor 'Swart Teologie en die Teologie van Bevryding in Latyns-Amerika'.
>
> (Johnson 1975:14, 15; my vertaling)

Oor die probleem van ekonomiese afhanklikheid sê Kee (1974:93; my vertaling):

> Die arm lande is afhanklik van die rykes ten opsigte van hulp, handel en tegnologie. Bevryding van ekonomiese afhanklikheid is noodsaaklik voordat enige werklike ontwikkeling kan plaasvind. In hierdie geval sluit bevryding die element van revolusie in, omdat niemand illusies moet koester oor die magte wat die verbreking van hierdie afhanklikheid sal probeer verhoed nie. Indien die ontwikkelde wêreld immers wil voortgaan om sy lewenstandaard te behou, kan ekonomiese onafhanklikheid net nie toegelaat word nie. Dit is om hierdie rede dat daar in Latyns-Amerika gronde bestaan vir die beskouing dat die VSA se politieke en ekonomiese belange hand-aan-hand gaan.

'n Prominente teoloog van die Bevrydingsteologie, Gutierrez (1974:84, 85; my vertaling) sê:

> Die onderontwikkeling van die arm lande, as 'n algemene sosiale feit, kom aan die lig: as die historiese byproduk van die ontwikkeling van ander lande.
>
> Die dinamiek van die kapitalistiese ekonomie lei tot die ontwikkeling van 'n kern en 'n omtrek, en dit beteken die gelyktydige aan-die-gang-sit van vooruitgang en groeiende welvaart vir die klein groepie en sosiale wanbalans, politieke spanninge en armoede vir die groot groep.
>
> Latyns-Amerika is gebore en ontwikkel in hierdie konteks...Die begrip 'afhanklikheid' kom daarom na vore as 'n sleutelelement in die verstaan van die Latyns-Amerikaanse realiteit....

Baie bekend is ook Moltmann (1969:140, 146) wat sê: 'In die huidige strydvoeringe om vryheid en geregtigheid moet Christene hulle skaar by die humaniteit van die onderdruktes...Enige wêreldtransformerende daad van geregtigheid, waar dit slaag, stem ooreen met God se geregtigheid op aarde...' (my vertaling). Sy mensbeeld word bepaal deur bevryding uit die dialektiese stryd: 'Om hedendaags die teologie van die kruis verder te voer, behels om verder te gaan as 'n besorgdheid oor persoonlike verlossing, en te soek na die bevryding van die mens en sy nuwe verhouding tot die werklikheid van die demoniese krisis in sy samelewing...' (Moltmann 1974:4; my vertaling).

Uit die gegewens hierbo, is dit duidelik dat die mensbeeld van die samelewingsteologieë grootliks ontwikkel het uit die negatiewe lewensomstandighede van die Derde Wêreld, dat dit bepaal word deur die dialektiese spanning tussen hulle wat het en hulle wat nie het nie, en dat hierdie mens in die kern *homo oeconomicus* is – 'n mens wat deur die ekonomie gevorm word. Hierdie mens kom, allesoorheersend, eers ekonomies tot sy volle reg en tot ware vryheid in die samelewing. Onderskeidings in volk en volkseie figureer nie in die sinvol-noodsaaklike vir hierdie mens en sy samelewing nie.

Daar is egter 'n uitdruklike uitsondering in die Swart Teologie. Swart Teologie se historiese oorsprong lê in die ervaring van swart Christene in die VSA. Hierdie ervaring is aanvanklik bepaal deur die burgerregbeweging van die laat-1950's en die vroeë-1960's (die 'try for white'-era). Ná die burgerregwetgewing van 1964 word dit egter bepaal deur 'swartmag' en 'swartbewustheid' toe ontdek is dat integrasie swartmense nog nie bevry het van hulle ekonomies-afhanklike en kultureel-oorheersde posisie nie. 'Swartmag', 'swartbewustheid', en 'swartprediking' (van 'n Swartgod) het aan die swart ghetto's van die VSA 'n nuwe nasionalisme gegee – 'n mens met 'n eie-identiteit, 'n eie-selfrespek, en 'n eie-godsdiens en geloof (vgl Labuschagne 1987:68-74). Cranston (1970:160-161) verwys na die Black Panther-bewe-

ging se Manifes van Oktober 1966: 'Ons wil vryheid hê. Ons wil die mag hê om die bestemming van ons swart gemeenskap te bepaal...Ons wil die beëindiging hê van die kapitalis se berowing van ons swart gemeenskap...Ons wil land, brood, behuising, onderwys, kleding, geregtigheid en vrede hê...' ( my vertaling). Cone (1970:121) sê: 'Die swartheid van God beteken God het die onderdrukte toestand toegeëin as sy eie. Dit is die essensie van die Bybelse openbaring' (my vertaling).

Malcolm X, wat deur die *New York Times* bestempel is as die één leier wat die Swart massa in die VSA agter hom verenig (Labuschagne 1987:401), stel dit soos volg: 'Die woord "integrasie" is uitgedink deur 'n Noordelike liberalis...Die waarheid is dat "integrasie"...'n jakkalsagtige Noordelike liberalistiese rookskerm [is] wat die ware behoeftes van die Amerikaanse Swartman verwar...[en] miljoene Witmense verwar...terwyl hulle verkeerdelik glo dat die swart massas deurmekaar met die Witman wil lewe. Dit is werklik net die geval met relatief 'n handjievol van hierdie "integrasie"-mal Negers...' (Malcolm X 1971:378; my vertaling). 'En dan sien ons weer dat dit nie ideologie is nie, maar ras en kleur wat mense aan mekaar bind' (Malcolm X 1971:393; my vertaling).

'Swartmag', 'Swartbewustheid' en 'Swartprediking' openbaar dus 'n groepsidentiteit, 'n eie-lotsbestemming, en vryheid op basis van eie grondgebied.

## 3. KONKLUSIE

Die siening van 'kerk' en 'volk' soos aan die begin verduidelik en die volkskerkgedagte wat daarby aansluit, staan baie duidelik teenoor dit wat die samelewingsteologieë gewoonlik oor 'kerk' en 'volk' sê. Die samelewingsteologieë redeneer immers vanuit een wêreld, een ondeelbare mensheid, en een wêreldkerk. Hulle veroordeel alle vorme van rassediskriminasie . Hulle maak nie 'n onderskeid ten opsigte van ras en volk nie. Maar in hulle siening van die mens onderskei hulle wel tussen hulle wat het en hulle wat nie het nie, en beklemtoon die noodsaaklike bevryding van 'n nuwe mens wat hierdie genoemde dialektiek oorwin het, in ware vryheid en geregtigheid. Hulle siening van die mens bepaal hulle siening van die kerk wat nóú ingestel word op sosiale aksie tot bevryding van die samelewing. Die nuwe mens moet duidelik die afhanklikheidsprobleem te bowe kom. Die kerk moet hom hiermee vereenselwig.

Dit skyn asof daar geen gespreksbasis moontlik kan wees tussen die samelewingsteologieë en die siening van 'kerk' en 'volk' in dit inleidend aan die begin van die artikel uiteengesit is. Tog moet daarop gewys word dat binne die Swart Teologie met sy gedagtes van 'swartbewussyn' 'n verbasende nasionalisme na vore kom, en juis dít beweeg nader aan die onderskeid van volksidentiteit. Verder is dit opvallend dat een van die groot swartmagleiers in die VSA, Malcolm X, breek met die

siening van een ondeelbare mensheid wanneer hy en andere vryheid op basis van eie grondgebied vir die Negers in die VSA opeis: 'Die revolusie streef in werklikheid na die verkryging van land. Land is die basis van werklike onafhanklikheid. Land is die wese van vryheid, geregtigheid en gelykheid...Die revolusie veg vir grondgebied sodat hy sy eie onafhanklike nasie kan opbou' (Bahr 1969:90-91; my vertaling).

Dit bied beslis 'n sinvolle gespreksbasis tussen die twee groepe. Wat die situasie in die Republiek van Suid-Afrika betref, is dit egter nog 'n ope vraag waarheen Swart Teologie in hierdie land sal beweeg. Tog is daar vele ooreenkomste met die VSA-situasie. Nietemin moet variasies op die VSA-ervaring as moontlikheid oopgehou word.

Wanneer verder in ag geneem word dat in die Republiek van Suid-Afrika beide die samelewingsteologieë én die nasionalisme van genoemde siening van volksidentiteit en volkskerk (aan die begin van hierdie studie) 'n gemeenskaplike vyand het in die internasionale ekonomiese mag van die Eerste Wêreld, is 'n aanknopingspunt vir gesprek beslis nie heeltemal uitgeskakel nie. Albei word immers bedreig deur 'n gedwonge afhanklikheid waardeur die Eerste Wêreld sy bevoorregte posisie handhaaf.

Om saam te vat: 'Kerk' en 'volk' sal baie moeilik verdiskonteer word binne die sieninge van die samelewingsteologieë. Tog is daar gemeenskaplike belange tussen hierdie twee wêrelde wat nie onderskat moet word in effektiewe moontlikhede nie.

## Literatuurverwysing


Bahr, H E 1969. *Wêreldvrede en revolutie: Politiek-theologische analyses*. Utrecht: Bruna & Zoon.

Berkhof, H & De Jong, O 1967. *Geschiedenis der kerk*. Nijkerk: Callenbach.

Blake, E C 1966. *De kerk in de komende tien jaar*. Baarn: Bosch & Keuning NV.

Camara, D H 1969. *Revolutie in vredesnaam*. Utrecht: Bruna & Zoon.

Coertze, P J 1961. *Inleiding tot die algemene Volkekunde*. Johannesburg: Voortrekkerpers.

Cone, J H 1970. *Liberation: A black Theology of Liberation*. New York: Lippincot Company.

Cottesloe Consultation, 1961. The Report of The Consultation among South African Member Churches of the World Council of Churches: 7-14 December 1960. Johannesburg: SA Institute of Race Relations.

Cox, H 1968: *Kerk en Revolutie: Een bloemlezing uit de voorstudies voor het congres van de Wêreldraad van Kerken over 'Kerk en Maatschappij'.* Vertaling deur E M A Huf & F van der Heijden. Baarn: Bosch & Keuning.

Cranston, M 1970. *The New Left.* London: The Bodley Head.

Gutierrez, G 1974. *A Theology of Liberation: History, politics and salvation.* London: SCM.

Hessen, J 1948. *Lehrbuch der Philosophie, Zweiter Band: Wertlehre.* München: Federmann Verlag.

Johnson, D E (ed), 1975. *Uppsala to Nairobi (1968-1975): Report of the Central Committee to the Fifth Assembly of the World Council of Churches.* New York: Friendship Press.

Kee, A (ed) 1974. *A reader in political theology.* London: SCM.

Labuschagne, J P 1987. Die historiese konteks van 20ste-eeuse samelewings-teologieë. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Landmann, M 1971. *Filosofische Antropologie.* Utrecht: Uitgeverij Het Spectrum.

Lefever, E W 1979. *Amsterdam to Nairobi: The World Council of Churches and Third World.* Washington: Ethics and public policy center, Georgetown University.

Malcolm X 1971. *The autobiography of Malcolm X.* Middlesex: Penguin Books.

Moltmann, J 1969. *Religion, revolution and the future.* New York: Charles Scribner's Sons.

--- 1974. *The crucified God.* London: SCM.

Shaull, R 1969. *Uitdaging aan kerk en maatschappij.* Baarn: Het Wêreldvenster.

Torres, C 1969 *Revolutie: Christelijke Opdracht.* Utrecht: Bruna & Zoon.